## 6 Oktober - SEKER (WEES)

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:4**

Die feit het duidelik gespreek waarom Paulus en genote so seker kon wees dat die lidmate van Tessalonika uitverkorenes van God was (1 Tess 1:5-10). Hulle skryf: *"Ons evangelie het tot julle gekom, nie in woorde alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid."*

Wat in hulle harte gebeur het, is nie net deur die woorde veroorsaak wat Paulus hulle gebring het nie. Daardie woorde is deur God se Gees met geestelike dinamiet, plofstof gelaai. Genoeg dinamiet om die afgode wat hulle vroeër aanbid het (vs 9) uit hulle harte en lewens weg te blaas. En om hulle só te begeester dat hulle getuienis van Christus se verlossing binne maande oor honderde kilometers uitgekring het.

Hierdie plofkrag, dinamiek van die Gees was nie soos gewone dinamiet, wat net vernietig, wegblaas, breek – 'n destruktiewe werking het nie.

Die dinamiet van die Gees het 'n konstruktiewe werking. Dit werk in jou die *wil* en die *kan* om die enige, ware God te aanbid en te dien.

Net soos ons hier lees, gaan die Heilige Gees en krag ook saam by u en my. En dis tog presies wat Christus beloof het, nie waar nie? Aan sy dissipels met sy hemelvaart: *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom"* (Hand 1:8).

Die fondament van ons sekerheid is Christus. Hoe sou God se uitverkiesing tog sonder sy sondeversoening kon realiseer?

Mag die Gees hierdie Skrifdeel gebruik om u nie bloot van u uitverkiesing te herverseker nie. Mag, soos die Tessalonisense, u blye getuienis van Christus se genade in wye sirkels uitkring. Vir baie tot blydskap en redding!

*Sing: Psalm 89:6 en 7* *Ds CJ Nagel (Messina)*